***ABBA,* VADER.**

ROMEINE 8: 14-17 - Pinkster – Nagmaal – 20 Mei 2018

<u>Skriflesing en prediking:</u> Romeine 8: 14-17

1.

Gemeente, broers en susters – kinders.

Het u geweet dat daar op die oomblik, volgens beraminge, byna **<u>30 miljoen slawe</u>** wêreldwyd is? ’n Mens sou dit nie kon dink nie. Dit is skokkend dat daar in die tyd en die era nog so iets soos slawerny is.

In die tyd van die Bybel was die verskynsel van slawerny glad nie vreemd nie. Regdeur die Bybel, van die begin tot die einde, word daar na slawe en slawerny verwys.

Ons het net in laas week se prediking oor Hagar, die Egiptiese slavin gepraat.

2.

Verstaan ons egter wat slawerny beteken? Wat beteken dit om iemand anders se **<u>besitting te wees</u>**? Verbeel vir ’n oomblik dat jy ’n slaaf is – iemand anders se eiendom

Mense het gedurende die antieke tyd gewoonlik op 3 wyses slawe geword.

- Die eerste was wanneer een stad teen ’n ander stad, of een land teen ’n ander land oorlog gemaak het, **<u>is die soldate wat gevang is weggevoer as slawe</u>**. Dikwels is **<u>vroue en kinders gevange geneem</u>**, en is ook hulle na ’n vreemde land weggevoer en het hulle daar as slawe gewerk. ’n Bekende voorbeeld hiervan, is die geskiedenis van Israel waarvan ons in die OT lees, toe Israel weggevoer is na Assirië en Babilon. Daar het hulle as slawe gewerk.
- Die tweede manier hoe mense slawe geword het, **<u>was omdat hulle iemand te veel geld geskuld het</u>**. Om van die skuld ontslae te raak sou iemand dan sy kinders as slawe verkoop, of aan die skuldeiser gee. Partymaal is hele gesinne as slawe geneem, omdat hulle te veel skuld gehad het.
- En derdens – **<u>jy is as slaaf gebore.</u>** Dit was verreweg die mees algemeenste verskynsel.

Wanneer jy slaaf was, het dit beteken dat:

- ’n Mens se **vryheid** word van hom weggeneem, en hy moet sonder vergoeding vir iemand werk.
- ’n Slaaf het die **eiendom** geword van die persoon wat hom gekoop het. Daar is in die antieke tyd gereeld slawemarkte gehou, waar die slawe-eienaars gebie het op die slawe. Die slawe is gekoop en verkoop, net soos wat ’n mens ’n donkie of ’n bees of ’n perd sou koop of verkoop.
- Die eienaar van die slaaf het **absolute beskikkingsmag** oor hom of haar gehad. As die eienaar nie tevrede met die slaaf was nie, of die slaaf het oud en siek geword, of hy is beseer, of hy was nie gehoorsaam nie, dan het die eienaar hom gewoon laat doodmaak.
- Vroulike slawe is dikwels gebruik om baie **kinders** in die lewe te bring. Die kinders wat so gebore is, was ook die eiendom van die eienaar. Ons weet dat as ’n boer se beeste of skape aanteel, is die kallers en lammers ook sy eiendom. Netso was die slawe se kinders die eiendom van die baas. Eienaars het gewoonlik verkies dat dit manlike kinders moet wees, omdat hulle harder kon werk en ook as soldate gebruik kon word. Die gevolg is dat baie dogtertjies met geboorte om die lewe gebring is.
- En netsoos beeste en donkie is **slawe gebrandmerk**. Gemerk met die teken van hulle eienaar.

Jy het egter nie net fisiese terme baie swaar gekry nie, nee, verbeel net wat ’n slaaf se geestestoestand moes wees?

- Ek dink hulle **verlang** na hul vroeë lewe?
- Ek dink hulle het later **apaties, ongevoelig** teenoor die wêreld begin staan – nie omgegee wat met hulle gebeur nie.
- **Haat** vir alles en almal, veral hulle eienaar, sou hul gedagtes domineer.

Maar nog meer as dit dink ek dat slawe, vandag en in die tyd van die Bybel se lewe deur **vrees** gekenmerk was. Hulle was **bang** vir hulle eienaars en wat die wrede, gevoellose mans aan hulle kon doen.

Was ek en jy vandag ’n slaaf, **sou ons harte met vrees gevul wees**. Verbeel net so ’n bestaan. **Elke oomblik van elke dag is jy bang.** Dit moet **vreesaanjaend** wees.

3.

Nou Paulus skryf die aangrypende teksgedeelte aan ’n klomp huisgemeentes in Rome. En vir die Christene sou die begrip en die wêreld van slawe en slawerny baie bekend wees.

- Van die mense in die gemeentes **was tien teen een slawe**.
- Terwyl van die ander lidmate dalk weer self **slawe besit** het.
- Miskien was van die gemeentelede se **familielede vir een of ander rede slawe.**
- En nog meer as dit, die Romeinse ryk was op **die rûe van slawe gebou**.

Daarom, wanneer Paulus aan die huisgemeentes iets probeer verduidelik van hulle nuwe lewe in Christus **is die beeld van ’n slaaf baie gepas**. Elkeen van die mense sou die metafoor verstaan.

4.

Die vraag onstaan nou: Wat probeer Paulus aan die gemeente verduidelik deur die kragte beeld te gebruik?

Ek dink dit is net weer nodig om ons teksvers vir vandag se prediking te lees.

Vers 15 stel:

> *Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot **slawe** nie en laat julle nie weer in **vrees** lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.*

Paulus sê aan die vroeë Christene dat hulle voorheen as slawe geleef het, en terselfdertyd in vrees. Maar noudat **hulle die Gees ontvang** is daai tyd verby. Hulle is nie meer slawe nie en hulle hoef nie meer bang te wees nie. Nee, deur die Gees is hulle nou kinders van God.

Die vraag wat onstaan is tweedelig: **Van wat was hulle slawe en vir wie het hulle voorheen gefrees.**

Die antwoord op die eerste vraag kry ons in Paulus se eie woorde – in Romeine 6 vers 6. Daar staan:

Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. ***Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.***

Dus gemeente, voorheen was die **hele mensdom slawe van die sonde** en die mens se sondige natuur. Ons was dus nie vry om te lewe soos ons wil nie, maar uitgelewer aan ons drange en begeertes wat telkemale slegs ons self dien nie.

Maar met **Jesus se kruisiging is ons sondige bestaan geëindig** en is ons nie meer slawe van die sonde en per implikasie van die wet nie. In Jesus se kruisiging is die **losprys betaal en is ons vryheid gekoop**. Nie met geld, of aardse middele nie, maar deur die bloed van Jesus.

Maar dit is ook nie al nie. Die losprys word nie net deur Jesus betaal nie, nee die **Gees word ook aan ons gegee as waarborg**. Dit wil sê wat aan ons die **versekering gee** dat ons nie meer langer slawe is nie maar nou, deur die kragtige werking van God, kinders van ons hemelse Vader. Die Gees **bevestig** aan ons wat so maklik twyfel dat ons die kinders van God is.

Het ons iets gedoen om dit te verdien? Nee gemeente, dit is 'n **genade gawe**. Dit word vrylik gegee aan **elkeen wat glo**. Daarvan het ons vanoggend gehoor in die wet en in die vryspraak:

4.1

Die ander vraag wat uit ons teksvers onstaan is: **Vir wat was ons voorheen bang? Waarvoor het ons voorheen gevrees.**

Wel, netsoos 'n eienaar 'n slaaf besit was ons die besitting van die sonde, en netsoos 'n **slaaf vir sy eienaar gevrees het**, het die mens voorheen **gefrees vir sy eienaar – naamlik God.**

En dit sien 'n mens duidelik in die Ou Testament**. Die verhouding tussen God en die mens was deurgaans deur vrees gekenmerk.** Die antieke mens het vas geglo hulle was uitgelewer aan die willekeur van die gode – God inkluis. Hulle het

gefrees vir straf, vir oordeel vir vervolging. Alles wat hulle aangepak het in hulle geloof was om straf te vermy en God se seën te wen. Daarom was die wet so noukeurig nagekom.

Maar nou, deur Jesus se versoeningsdood, en die kragtige werking van die Gees, hoef ons nie meer te vrees vir God nie. Nee, ons verhouding met Here lyk geheel en al anders. **Ons is nie meer bang slawe nie, maar kinders van die Here wat in blydskap ons Vader dien.**

5.

Ek **som vir ons die kragtige versie op**.

- Voorheen was ons slawe van die sonde, en ons het in vrees vir die Here geleef.
- Maar nou, deur Jesus se versoeningsdood, en die kragtige werking van die Gees, is ons nie langer slawe nie, maar kinders van God.
- Ons hoef nie langer te vrees nie, ons kan nou lag en bly wees.

Dus het Jesus aan die kruis ons verhouding met God getransformeer. En die Gees bevestig elke dag aan ons dat ons nou vry is om God in blydskap te dien.

6.

Hierdie nuwe verhouding met God strek selfs verder as dit gemeente.

Paulus se aan die huisgemeentes, en aan ons, dat ons wat nou in 'n nuwe verhouding met God staan self kan uitroep:

Abba, wat beteken Vader.

En wie het ook die aanspreeksvorm vir God gebruik toe in die diepste donker was. **Jesus natuurlik.**

In Markus 14: 32-36 staan daar:

32 Toe kom hulle by 'n plek met die naam Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels: "Sit hier terwyl Ek gaan bid. 33 Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld en beangs geword 34 en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak!" 35 Hy het toe 'n entjie daarvandaan op die grond

gaan kniel en gebid dat, as dit moontlik is, die uur van lyding nie vir Hom sou aanbreek nie. 36 Hy het gesê: "Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil."

Paulus sê hier op 'n indirekte wyse dat ons verhouding met ons hemelse Vader **presies die selfde is** as die wat Jesus en sy Vader het. **Ons verhouding met God is netso 'n intieme verhouding met die Here as Jesus se verhouding met sy Vader**.

God is dus nie meer vir ons 'n veraf God wat oordeel en bestraf nie. Nee, God is eerder nou 'n **naby God wat ons Vader kan noem**. Ons is nie meer slawe wat vrees nie, nee, ons is nou kinders wat in die moeilikste van tye Abba Vader kan roep.

Ja gemeente, selfs in die donkerste nag kan ons soos Jesus ons op ons knee gaan en bid ***Abba Vader*** sonder dat ons hoef te vrees vir straf en oordeel. Ons het nou deur Jesus en die kragtige werking 'n liefdevolle Vader.

7.

En omdat ons nou God se aangenome kinders is, en omdat ons saam met ons broer Jesus ly, is ons ook nou saam met Jesus **erfgename**.

En wat erf ons as kinders van God. **Ons deel in Jesus se heerlikheid**. Dit wil sê 'n **glorieryke lewe saam met God tot in alle ewigheid**. Verlossing, nie net van die sonde se slawekettings nie, maar ook van die dood se slawekettings.

8.

Ek sluit af gemeente.

Paulus vergelyk dus in die teksgedeelte die ou en die nuwe lewe met mekaar.

- In die ou lewe was ons slawe, en ons het in vrees geleef.
- Dit was 'n doodsbestaan sonder sin.
- Maar deur Jesus en die Gees het ons nou 'n nuwe lewe betree.
- Ons is in die nuwe lewe kinders van ons Vader, ons hoef nie te vrees nie. Nee, ons kan bly wees.

- Nog meer, in die nuwe lewe kan ons saam met ons medegelowiges Abba Vader roep.
- Nog meer, in die nuwe lewe is ons saam met Jesus erfgename van ’n lewe saam met God tot in alle ewigheid.

9.

Tog gemeente, en dit is so hartseer – alhoewel ons met die troos lewe dat ons nie meer slawe van die sonde is nie, en dat ons nie langer hoef te vrees nie, **lewe ons steeds soos slawe en word ons lewe gekenmerk met vrees.**

Ons vergeet dat die prys betaal is, dat ons kinders van God is, dat blydskap ons lewens moet kenmerk en dat ons erfgename is.

Kyk net hoe lyk ons gejaagde lewens!

- Ons is slawe van tyd, geld, besittings, plesier, die televisie, drank en dwelms en soveel ander ding.
- En ons vrees vir alles onder die son.

Vandag moet ek en jy die keuse maak **om te lewe soos dit wat ons reeds in Jesus en deur die Gees is.** Ons is kinders van die Here. Ons is sy erfgename. Ons hoef nie langer te vrees nie. Kom ons leef ook nou soos Sy kinders, sonder vrees, met die wete dat God se heerlikheid vir ons wag. Amen.